



TOESKOUERGEDRAGSKODE



By Hoërskool Zwartkop moedig ons alle toeskouers aan om die karakter en beginsels van sport by ons skool, hulle eie te maak.

Alhoewel ons die strewe van sportspanne om te wen ten volle ondersteun, besef ons ook dat wedstryde individuele vaardighede ontwikkel en dat deelname as sulks 'n opbouende ervaring vir almal behoort te wees.

In die lig van ons uitgangspunt, versoek ons al ons toeskouers en ondersteuners om asseblief die volgende in gedagte te hou:

- Moedig u kind aan en beklemtoon die feit dat u kind altyd binne die reëls moet speel.
- Respekteer die beslissings van die skeidsregter en wedstrydbeamptes, selfs al is dit verkeerd. Volg die regte prosedure en opper enige besware deur die regte kanale te volg. Indien 'n ouer of ondersteuner enige klagte het, moet dit op skrif of via e-pos aan die sporthoof gerig word. Bevorder agting en waardering teenoor beamptes, skeidsregters en helpers. Hulle is daar ter wille van u kind!
- Verwerp en vermy vuil taalgebruik, onbeskofte gedrag en aggressie. Tree altyd op as 'n positiewe rolmodel vir jong spelers.
- Wees ten alle tye bewus daarvan dat spelers op die veld deurentyd kennis neem van verbale of emosionele aggressie langs die veld, en dat dit die standaard van spel merkbaar kan beïnvloed.
- Beklemtoon die positiewe en weerhou u om negatief te kritiseer of foute uit te wys wat deur 'n speler of spelers begaan is – dis die afrigter se werk.
- Gee erkenning aan uitmuntende spel aan spelers van beide spanne, ongeag watter span u ondersteun.
- Onthou dat dit 'n spel is en dat wen óf verloor ook dien as 'n leerkurwe vir die spelers.
- Om met eer en goeie sportmangees te verloor, is 'n onontbeerlike fasset in die ontwikkeling van 'n positiewe houding en die wil om te wen.
- Geen alkoholiese drank word by enige sportbyeenkoms toegelaat nie .
- Ouers en ondersteuners moet tydens wedstryde binne die afgebakende gebied vir toeskouers bly.
- Tydens halftyd is dit slegs die afrigter(s) se voorreg om met die span te praat.

Onthou dat dit 'n spel is en dat wen of verloor ook dien as 'n leerkurwe vir die spelers.

Hierdie toeskouergedragkode is in lyn met die waardes wat ons aan ons kinders wil leer.

Om deel te neem, is goed.

Om te wen, is beter.

Om dit te geniet, die beste.

Om die Here te verheerlik, die "ultimate"!